**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/04 2023

Geagte Ouers/Voogde

Die volgende nuusbrief word Vrydag, 5 Mei uitgegee.

1. **Vroeë skoolsluiting:**

   Op Maandag, 24 April, sluit die skool om 12:40 a.g.v. 'n SBA vergadering by Paul Sauer. Die eerste 7 periodes sal gevolg word.

2. **Noodhulpkursus: 18-19 April:**

   Die noodhulpkursus is baie goed deur personeel en leerders bygewoon. Almal het geslaag.

3. **Koshuisvergadering:**

   Woensdag, 26 April, om 12:30 in die eetsaal.

4. **Finansies:**

   - Busgeld:
     Busgeld vir die 2de kwartaal is betaalbaar teen 26 April 2023. Indien die busgeld nie teen hierdie datum vereffen is nie, sal die leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik kan maak nie. Die busgeld is as volg:

     | | |
     |---|---|
     | Krakeelrivier: | R1920 per leerder per kwartaal |
     | Louterwater: | R2180 per leerder per kwartaal |
     | Misgund: | R2440 per leerder per kwartaal |

   - Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Ferreira by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

     | | | |
     |---|---|---|
     | Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
     | | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
     | | Tipe rekening: | Tjek |
     | | Takkode: | 334415 |
     | | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

herotel

5. **<u>Sport</u>:**

- Daar is ‘n sporttoerustingskenking ontvang van die Departement van Sport en Kultuur.Hoërskool McLachlan is baie dankbaar vir die krieket- en tennistoerusting wat ons ontvang het.

- <u>Netbal</u>:
  Baie geluk aan Marnelle Oberholster (0/13) en Sjanique Alberts (0/18) wat gekies is vir die Oos-Kaapnetbalspan.

- <u>HS Paul Sauersportdag</u>:
  Saterdag, 22 April, neem die hoërskoolspanne aan die sportdag deel.

  <u>Bustye</u>:

| **McLACHLANBUS** | **QUANTUM** |
|---|---|
| Misgund – 06:00 | Louterwater – 06:15 |
| Skool – 06:35 | Krakeelrivier – 06:30 |
| Ravinia – 06:45 | |

- <u>Paul Sauer laerskoolsportdag</u>
  Saterdag, 6 Mei, neem die volgende laerskoolspanne aan die sportdag deel:
  Rugby: 0/9, 0/11, 0/13
  Netbal: 0/9 – 0/11A, 0/12 en 0/13 A en B
  Skaak: 1 span

6. **<u>Landsdiens</u>:**

Vrydag,5 Mei, gaan die landsdienslede die skool se banke afskuur en vernis. Ons gaan ook moedersdaggeskenkies maak.

7. **<u>Mnr. en Mej. McLachlan 2023:</u>**

Die VRL- en BK-leiergroep wil graag weer ‘n lekker glansryke Mnr. en Mej. McLachlanfunksie op Donderdagaand, 4 Mei, om 19:00 in die George McLachlansaal aanbied.

Daar is ‘n junior kategorie (gr.7-9) met temas soos “Kultuur van die Wêreld” en “Blommemeisies en Strooijonkers”. Die seniors (gr.10 – 12) het weer 3 temas: “By die Maskerbal” met formele drag, “Sportsoorte van die Wêreld” as prettige drag en “My eerste werksonderhoud” met kantoordrag. Ons wil dit graag ‘n heerlike spoggeleentheid maak met ons aantreklike gesonde jongmense as modelle. Daar is groot pryse vir die wenners.

Ons wil nou reeds vra dat die ouers en vriende hierdie datum bespreek vir ‘n genotvolle kuieraand in die George McLachlansaal met lekker musiek, vermaak en eetgoed. Ons gaan ook ‘n paar gaskunstenaars as verrassing op die verhoog sien.

Kaartjies beloop R20 per leerder/pensionarisse en R30 vir volwassenes. Kaartjies sal by die deure te koop wees.

Kom ons maak dit ‘n aand om te onthou in Mei.

8. **<u>Gr12-IntervensieSaterdagprogram:</u>**

| *<u>DATUM</u>* | *<u>TYD</u>* | *<u>VAK</u>* | *<u>ONDERWYSER</u>* |
|---|---|---|---|
| 6 Mei | 09:00 – 13:00 | Wiskunde | V. Bredenhand |
| 20 Mei | 10:00 – 13:00 | Wiskunde | V. Bredenhand |


herotel

** Leerders moet skriftelik verskoning maak indien hulle nie by ekstra

klas kan wees nie.

9. **ATKV – tienertoneel:**

Leerders wat aan die ATKV-tienertoneel wil deelneem, moet asb. volgende week hulle name vir juf. Janine kom gee.
Die tienertoneelkompetisie is gedurende Augustus in Port Elizabeth. Ons benodig akteurs, ‘n klankman, beligtingoperateur en ‘n verhoogbestuurder.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit